View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

# 'n Kritiese bespreking van Roskam se siening van apartheid as grondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing

(Roskam: Apartheid en Diskriminasie)

Segregasie is al deur vele ondersoekers histories tot 'n tradisie uit die stigtingsjaar 1652 met die aankoms van Jan van Riebeeck herlei. Roskam sien dit egter as 'n beleid wat veel later aanvaar is. Hy sien dit as beleid wat bepaalde groepe van die bevolking as 'n politieke eenheid, kragtens 'n sosiale hiërargie, van mekaar wil afskei, isoleer. Dit is vir hom duidelik dat die politieke eenheid van Ordinansie 50 van 1828 nooit werklikheid geword het nie, en die tradisie van blanke heerskappy pas vir hom as beleid beter in die huidige situasie as segregasie. Roskam is dan van oordeel dat „white supremacy" daarom die juiste en omskrywende betekenis van segregasie is.

## A. *Verduideliking.*

Om die beleid van apartheid as diskriminerende grondslag vir die Suid-Afrikaanse samelewing uit te wys, bedien Roskam hom van historiese uitsprake en trek daarmee die historiese lyn van die apartheidsgedagtegang vanuit die vorige eeu tot in die huidige situasie.

### (a) *Historiese oorsig.*

i. Uit die *vorige eeu* is dit veral die segregasiebeleid van dr. Philip in Kaapland, en Shepstone in Natal, wat die aandag geniet. Dit sou egter foutief wees om hulle die grondlêers van die tradisionele segregasiebeleid te noem. Eersgenoemde het slegs bedoel om die nie-blankes teen blanke oorheersing te beskerm, en het nie gemeen om 'n permanente oplossing vir 'n vreedsame verhouding tussen blank en nie-blank daar te stel nie, terwyl laasgenoemde, ten spyte van sy ideaal van sosiale en politieke gelykheid, in sy „reserve policy" die grondslag vir apartheid gelê het. Die tydelike en beskermende maatreëls het dus blywende instellinge geword.

Die feit dat die setlaars hierdie instellinge van segregasie verwerp het, bewys volgens Roskam die stelling dat segregasie nie die tradisionele beleid uit die tydvak 1652 is nie, maar van veel later datum. Daarom

moet die bevinding van die Tomlinsonverslag in hierdie verband as onjuis van die hand gewys word.

ii. Die aanbeveling van die 1903-ondersoek dat grond vir Bantoes gereserveer moet word, vorm die grondslag van die segregasiebeleid in hierdie eeu. Setdert Unie vorm die beginsl van segregasie 'n grondliggende faktor in die Suid-Afrikaanse samelewing.

iii. Voorts word hierdie diskriminerende grondslag baie duidelik weergegee in die politieke standpunt van die leiers: Genl. Hertzog het grondreservering vir nie-blankes so vroeg as 1913 bepleit, en dit het later 'n integrale deel van die Hertzog-Regering se wetgewing gevorm. Die „Naturelle Trust en Land Wet" van 1936 gee duidelik uitdrukking aan die segregasiebeleid van die Hertzog—Smuts-Regering. Hierteenoor het genl. Smuts nie altyd 'n konsekwente stem laat hoor nie. In 1917 het hy apartheid tussen blank en nie-blank in Londen bepleit, en in 1926 het hy dit as Opposisieleier in die Unie-Parlement teengestaan. In 1942 het hy dit weer 'n onrealistiese beleid genoem en in 1947 is die prinsipe van apartheid weer duidelik onderstreep.

iv. Die Botha-Regering het segregasie so vroeg as 1913 as beleid goedgekeur, en die Arbeidersparty so vroeg as 1912. Dit moet dus duidelik gestel word dat segregasie na 1913 staatsbeleid was, en die ongelyke behandeling van blank en nie-blank is per wetgewing vasgelê.

v. Die vrysinnige Hoernlé het dit beklemtoon dat segregasie sy oorspronklike betekenis van beskerming vir die nie-blankes verloor het, en daarom het hy segregasie as rasse-ideaal van bloedsuiwerheid vir blankes, eksklusiewe stemreg vir blankes, politieke oorheersing van nie-blankes, en 'n verydeling van die ideaal van eenheid en gelykheid tussen blank en nie-blank in die Suid-Afrikaanse samelewing veroordeel.

vi. Met die bewindsverandering van die Malan-Nasionale Party gedurende 1948 het daar 'n radikale verskerping van die apartheidswetgewing ingetree. Die Fagan-rapport het die situasie waarin die Nasionale Party die bewind oorgeneem het as volg beskrywe: Totale segregasie is geheel onprakties, en die beweging van nie-blanke arbeiders na die stad as 'n ekonomiese noodsaaklikheid, en die gevestigde nie-blankes in stadsgebiede gee 'n permanente nie-blanke bevolking in blanke gebiede. Teen hierdie agtergrond het die Nasionale Party die bewind met die belofte van 'n fundamentele verandering en verskerping in die apartheidsbeleid oorgeneem. Hierdie belofte het die verdere apartheidswetgewinge bepaal.

Met bostaande historiese feite het Roskam dit duidelik gestel, dat apartheid of die beleid van „white supremacy" die duidelike gevolg of uitvloeisel van die tradisionele segregasiebeleid is, en dat die apartheidsbeleid die grondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing vorm. Die huidige situasie is dus die gevolg van diskriminasie, ongelyke behandeling van gelyke staatsburgers.

(b) *Apartheid omskrywe.*

Die woord self is volgens E. G. Jansen so vroeg as 1936 in politieke sin gebruik, terwyl dit eers so laat as 1950 in die Woordeboek omskrywe is: Apartheid is 'n politieke neiging gebaseer op die beginsels van differensiasie in ooreenstemming met rasseverskille en/of kleur teenoor gelykheid; of die handhawing en voortsetting van die verskillende kleurgroepe met behoud en ontwikkeling van hul eie aard, tradisies en bekwaamheid teenoor integrasie.

Dit is dus 'n politieke rigting, beleid, wat rasseskeiding as doelstelling het. Dit veronderstel aparte geriewe, soos aparte woonbuurtes, publieke voorregte, vervoer, aparte politieke regte ens., ens., vir die onderskeie kleurgroepe. Die einddoel van die beleid is dus: territoriale skeiding tussen blank en nie-blank. Apartheid beteken dan dat elke kleurgroep, Blankes, Kleurlinge, Asiate en Bantoes uiteindelik hul eie tuistes sal besit. Dit stel dus 'n skeiding wat op kleurverskille gebaseer is vir die totale bevolking voor. Apartheid meen skeiding aan die hele lewensfront.

Die voorstelling van algehele apartheid soos deur Hoernlé voorgedra is, was vir die apartheidsleiers, voorstaanders of profete, onaanneemlik, en hulle meen om die geskeie gemeenskappe onder „white trusteeship" te stel. Hierteenoor het dr. Eiselen, die belangrikste teoretikus van apartheid, die gedagte van blanke voogdyskap vermy en sien hy die uiteindelike doel van apartheid in die totstandkoming van aparte selfonderhoudende sosio-ekonomiese eenhede, 'n proses wat oor baie jare sal strek. Die beklemtoning van algehele apartheid wat tot selfregering van die Bantoe in sy eie gebied moet lei, soos deur Hoernlé beklemtoon, het die gevolg gehad dat apartheid nie meer in radikale sin beklemtoon is nie.

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede, SABRA, het dit tot hul voordeel, dat hulle eintlik die inhoud en rigting aan die politieke beleid van apartheid gegee het. Die voordrag van apartheid deur SABRA gaan van die veronderstelling uit dat dit nie op ongelykheid gebaseer is nie, maar op verskille, en veronderstel 'n beskerming *vir die blankes.* Die beginsel van selfbehoud moet tot gebiedskeiding tussen Europeaan en Bantoe lei. Politieke regte kan aan die Bantoe in sy eie Bantoegebied nie onthou word nie, dit sal immoreel wees. Apartheid is vir SABRA die enigste „verstandige en terselfdertyd wetenskaplik gefundeerde naturellebeleid" en die teendeel beteken „totale integrasie en gevolglike gelykstelling". Die ideaal van SABRA moet dus gesien word in die ontwikkeling van die Bantoetuistes, sodat daar werkvoorsiening gemaak kan word en die Bantoe dit 'n ware tuiste sal vind. Dit sal beteken dat die nie-blankes in die blankegebiede dan na hul eie gebiede

sal verhuis. Gelyke beregtiging van blank en nie-blank in hul onderskeie gebiede is die einddoel. Dit is volgens Roskam alleen moontlik indien die trekarbeider die behoefte aan nie-blanke arbeid in die blankegebied sal vervul, anders is gebiedskeiding onmoontlik. Die grondslag bly dus ongelyk, diskriminerend teenoor die Bantoe.

Die Tomlinson-Kommissie het dit baie duidelik gestel dat die ontwikkeling van die Bantoetuistes 'n absolute vereiste is. Regte en voorregte sowel as dienste en verantwoordelikhede kan nie veel langer van die nie-blankes weerhou word nie, maar dan in hul eie gebiede. Vir die verwesenliking van die apartheidsbeleid sal die grondvoorsiening vir die Bantoetuistes, deur die 1936-wetgewing van genl. Hertzog; nie genoegsaam wees nie. Om hierdie probleem die hoof te bied is die Tomlinson-Kommissie van oordeel dat die Britse gebiede Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland by die Republiek ingeskakel moet word, en dat dit dan vir Bantoetuistes ontwikkel sal word. Hierdie siening lê ook in die gesigsveld van dr. Eiselen. Dit beteken dat die blankes enersyds voorberei word om groot opofferinge vir die oplossing van die rasseprobleem te maak, en andersyds beteken dit dat Brittanje die verantwoordelikheid daartoe moet neem.

Die beginsel van diskriminasie, apartheid as beleid van rasseskeiding, dien as grondslag vir die Suid-Afrikaanse samelewing, en is die oorsaak van 'n gevoel van onsekerheid by die nie-blankes. By alles wat sover gesê is, is dit duidelik dat apartheid 'n beleid van ongelykheid is, en dat dit daarom 'n geval van onsekerheid by die Bantoe skep. Apartheid is die grondslag van 'n ongelyke Suid-Afrikaanse samelewing.

### (c) *Apartheid as beleid van die Nasionale Party.*

Die Nasionale Party-Regering plaas homself op die veelbesproke beleid van rasseskeiding as oplossing vir rasseverhoudinge. 'n Feitlike situasie wat deur die geografiese en ekonomiese integrasie, die getalsverskille van die verskillende etniese groepe, die rasseverskille en beskawingsverskille gekarakteriseer word. 'n Situasie wat op twee rigtings aanwys, t.w. 'n geïntegreerde veelrassige gemeenskap of apartheid met 'n veelheid van rasse-gemeenskappe naas mekaar. Rasse-integrasie is onaanneemlik, want die rasseverskille is fundamenteel aanvaar. Die regerende party gaan van die selfbehoudende voorveronderstelling uit dat die verskillende etniese groepe histories tot 'n bepaalde gebied gekoppel is.

Hierdie teoretiese agtergrond van apartheidsbeleid word deur die volgende beginsels of fundamentele voorveronderstellings gedra: Apartheid beteken nie algehele territoriale skeiding nie; blanke heerskappy moet behoue bly; 'n veelheid van rassegemeenskappe beteken slegs verdeling van blank en nie-blank met 'n beperkte outonomie aan die nie-

blanke gebiede; die regte van die nie-blanke moet van die ekonomies geïntegreerde blankegebiede na Bantoetuislande oorgeplaas word; en die ontwikkeling en gebruikmaking van genoemde regte moet onder 'n blanke baasskap geskied. Hierdie prinsipe of voorveronderstellinge gee die beleid van apartheid, van ongelykheid wat die wenslikheid van die nie-blanke aandeel in die huidige ekonomiese posisie steeds wil verleng sonder om gelyke regte in blankegebiede aan die nie-blankes te gee.

1. *Gebiedskeiding.*

Die Nasionale Party hou vol dat totale gebiedskeiding die ideale oplossing vir die rassevraagstuk is, en tog het dr. Dönges in 1959 verklaar dat totale territoriale skeiding „onuitvoerbaar en onprakties" is. Die oorspronklike manifes van die Nasionale Party in 1939 het segregasie as beginsel aanvaar, maar van totale segregasie was daar geen sprake nie. Afgesien van die uitvoerbaarheid of nie, bly dit nog 'n vraag of dit 'n oplossing vir die rassevraagstuk is.

Die term apartheid tree sedert 1947 as beleidsrigting van die N.P. op die voorgrond, en is deur dr. Jansen met segregasie as beleid van aparte ontwikkeling vereenselwig. Apartheid moet dus gesien word as 'n proses van voortgesette skeiding in alle lewensfere, al sal daar ook geen gebiedskeiding wees nie (aldus dr. Verwoerd). Dit is dus duidelik dat die N.P. geen erns met totale apartheid wil maak nie. Die traagheid om totale gebiedskeiding deur te voer, moet in die feit van die blanke afhanklikheid van nie-blanke arbeid gesoek word, en tweedens omdat totale apartheid dieselfde gevaar as integrasie inhou. Die eis van onafhanklike en aparte Bantoestate dra die kiem van Suid-Afrika se gewisse ondergang. Daarom is die N.P. nie begerig om totale gebiedskeiding vir blank en nie-blank deur te voer nie.

2. *Blanke heerskappy.*

Die ideale oplossing vir die rassevraagstuk, totale apartheid, kan slegs onder blanke heerskappy uitgevoer word. Dr. Malan het tydens die N.P.-kongres te Bloemfontein, Suid-Afrika as 'n „witmansland" onder blanke heerskappy, d.w.s. „blanke voogdyskap" genoem. Blanke heerskappy met die soewereine blanke leierskap van die Europeane is dus 'n grondliggende beginsel in die beleid van apartheid, en is in beginsel in die konstitusie van die Unie opgeneem en word steeds deur die Nasionale Party-Regering gehandhaaf. Hierdie versekering is by herhaling deur Malan, Strijdom en Verwoerd gegee. Die ekonomiese en kulturele meerderwaardigheid van die blanke moet bly, en om dit te verseker moet „die reg om te stem in ons hande bly". — (Strijdom).

Die onderliggende beginsel om die nie-blanke te oorheers en daardeur die blanke baasskap te verseker, is nog steeds die beginsel waardeur die „white man's control" beveilig word. Selfs die intensifering van die apartheidsbeleid deur Verwoerd, met sy beleidsrigting van aparte ontwikkeling van die Bantoetuislande met die oog op selfregering, hou nog steeds die belofte van blanke oppergesag in. Blanke kontrole of baasskap is 'n vereiste vir rus en vrede, daarom kan die mooi woorde van voogdyskap en beskermheer niks anders beteken as 'n permanente oppermagtigheid van die blanke in Suid-Afrika nie. Die diskriminerende grondslag van apartheid as beleid van rasseskeiding, lê aan die grondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing en daarmee ook aan die wortel van die ontwikkeling van die Bantoetuislande.

3. *Veelheid van rassegemeenskappe.*

'n Veelheid van onafhanklike rassegemeenskappe (state), is nie die beleid van die Nasionale Regering nie, want die blanke kontrole moet behou word. Verder is daar 'n onwilligheid om die reservate ten volle te ontwikkel. want die blankes weier om die voordele van nie-blanke arbeid prys te gee. Die geografiese eis van apartheid word maar effens toegelig; en hoewel daar baie oor die terugkeer tot die reservate gepraat word, tog gaan die toevoer van trekarbeid na blanke gebiede nog steeds voort. Die Malan-Regering het dit ook duidelik gestel dat apartheid deur die behoefte aan nie-blanke arbeid gelei sal word.

Die beleid van nie-blanke reservate binne die raamwerk van apartheid, beteken niks meer as 'n voortsetting van die tradisionele beleid om regte en voorregte aan nie-blanke te weerhou nie. Dit is 'n beleid wat die aanklag van diskriminasie deur die weerhouding van 'n volwaardige Suid-Afrikaanse burgerskap aan die nie-blankes wil verbloem. Die reservate sal dus dien as 'n permanente tuiste vir die nie-blankes om dan as trekarbeider tydelik na die stede en ander blankegebiede te verhuis. Die teoretiese beleid van territoriale skeiding is daarom 'n klug en beteken slegs die voortsetting van blanke heerskappy, selfs in die nie-blanke gebiede.

4. ***Bantoetuislande.***

Die teoretiese beleid van Bantoetuislande gee voor dat die Bantoe sy regte en voorregte in die Bantoetuisland sal ontvang en dat hy as trekarbeider in die blankegebiede slegs 'n tydelike tuiste sal vind. Dit gee die eienaardige verskynsel dat nie-blankes as trekarbeiders permanent in blankegebiede sal kan woon sonder dat hulle enige burgerregte kan kry. Die Bantoe-arbeider wat in die stadsgebied woon, sal sy regte in die land van sy geboorte (stadsgebied) verbeur om dit te ontvang in 'n land

wat baie van hulle nog nie eens gesien het nie. Dit word voorgegee dat die teenwoordigheid van nie-blanke trekarbeiders in blanke gebiede 'n opoffering vir die blankes is, terwyl dit 'n vernederende posisie van die nie-blanke is.

Die tuisland-beleid is slegs 'n teorie wat die bevoorregte posisie van die blanke steeds wil kontinueer en die „white supremacy" as tradisionele beleid wil handhaaf.

5. *Die ontwikkeling van Bantoetuislande onder blanke heerskappy.*

Dr. Verwoerd het dit tydens die bespreking van die Tomlinson-verslag duidelik gestel, dat daar in die jaar 2000 nog meer as sesmiljoen Bantoes in blankegebiede sal woon. Die trekarbeider sal daarom in permanente gebruik van die blanke wees. Die vraag na nie-blanke arbeid sal dus altyd die bepalende faktor wees, en die ontwikkeling van Bantoetuislande moet daarom onder blanke kontrole geskied. Die fabrieke op die grensgebiede sal volgens Verwoerd die surplus nie-blanke arbeid opneem. Die werklike ontwikkeling van die Bantoegebiede sal dus nog steeds in blanke hande bly, slegs 'n klein gedeelte sal aan nie-blankes oorgelaat word.

Die „border-industrial" ontwikkeling bewys die feit dat die N.P. nie veel erns met die ontwikkeling van die Bantoetuislande het nie. Blanke belange sal altyd die deurslag gee. Dit is duidelik dat die onafhanklikheid van die selfregerende Bantoetuislande nie geduld sal word nie, daarom sal die selfregering slegs plaaslik van aard wees. Die hele benadering van die apartheidsbeleid, die territoriale skeiding, deur die ontwikkeling van die Bantoereservate is 'n klug, 'n blote stuk bedrog. Dit is maar net 'n verbloeming van die blanke heerskappy wat die Bantoe in die vernederende posisie van ondergeskikte afhanklikheid wil hou. Die teenwoordige materiële, politieke, en ekonomiese bevoorregte posisie van die blanke, die tradisionele beleid van blanke heerskappy moet beveilig bly. Selfs die ontwikkeling van die Bantoetuislande dui beslis op diskriminasie.

(d) *Apartheid as beleid beoordeel.*

Dr. Malan het dit duidelik gestel dat apartheid 'n negatiewe kant het, maar nie onderdrukking beteken nie. Hy plaas die beleid van apartheid op die beginsel van voogdyskap, terwyl dr. Verwoerd van aparte ontwikkeling praat as 'n Christelike voogdyskap deur die Europeane. Beide sien apartheid dus as 'n beleid van voogdyskap, 'n beleid van ondergeskiktheid van die nie-blanke.

Die taak van die voog, volgens N.P.-standpunt is, om alle invloede wat moontlik die identiteit van die Bantoe as nasionale eenheid kan ondermyn, af te weer, en om geleenthede te skep vir die etniese groepe om volgens eie aard, onder invloed van die Christelike beskawing tot 'n selfstandige nasionale groep te ontwikkel. Die geskiktheid en arbeidsvermoë word deur die natuurlike aanleg en vaardigheid bepaal. Dit is juis die gronddwaling in die apartheidsbeleid.

Apartheid is gebaseer op verskille en gee geen waarborg vir gelyke beregtiging nie. Die ontwikkeling volgens eie aard veronderstel dus nie gelykheid nie, maar ongelykheid. Minister De Wet Nel het dit dan ook duidelik gestel dat dit nie 'n beleid van gelykheid is nie. Die naturel sal sy regte as naturel ontvang. Daarom moet die fundamentele begrip, verskille, slegs as versagtende term vir ongelykheid gesien word. Die „naturel" kan dus volgens N.P.-standpunt nooit 'n beskaafde geleerde Bantoe met die geregverdigde eis van gelykheid wees nie. Die geregverdigde eis van gelyke regte moet dus sover moontlik na die toekoms verskuif word. Blanke heerskappy, die dominering van die nie-blankes deur die blankes, is en bly 'n grondbeginsel in die beleid van die Nasionale Party. Die plegtige versekering dat die naturelle 'n regverdige aandeel in die landsadministrasie, kragtens aparte ontwikkeling sal kry, is deur die beleid van apartheid geloënstraf. Apartheid meen volgens Roskam die waarborg vir 'n permanente heerskappy van blankes oor nie-blankes.

Die dubbelsinnige siening van geregtigheid is 'n verdere gronddwaling van die beleid van apartheid. Regverdigheid teenoor nie-blanke is altyd ondergeskik aan die regverdigheid teenoor blankes. In hierdie gedagtegang veronderstel ontwikkeling van die Bantoetuislande volgens die Bantoe se eie aard, bekwaamheid en kapasiteit, nie ontwikkeling tot gelykheid nie, maar voortgesette ondergeskiktheid, daarom meen regverdigheid die beskerm van blanke regte, en diskriminasie bly die grondslag van aparte ontwikkeling.

Totale gebiedskeiding, of apartheid, stoel op die wortel van ongelyke behandeling van gelyke staatsburgers, daarom is dit 'n beleid van diskriminasie. Territoriale skeiding as oplossing van die rassevraagstuk beteken dus die voortsetting van „white supremacy". Die ongelyke boedelverdeling tussen blank en nie-blank bewys die beplanning van 'n voortgesette afhanklikheid wat die Bantoe in die vernederende posisie wil vaspen. Ten spyte van die waarborg dat apartheid nie onderdrukking beteken nie, moet apartheid as 'n onderdrukkingsbeleid van die hand gewys word. Apartheid is 'n beleid van diskriminasie, 'n ongelyke behandeling van gelykes en dit lê aan die grondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing.

B. *Kritiese bespreking.*

Die oordeel van Roskam, dat diskriminasie die grondslag van die apartheidsbeleid is, en dat hierdie ongelyke beleid aan die grondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing lê, kan op tweërlei wyse — alles afhangende van die beoordelaar se uitgangspunt — krities bespreek word. Die humanis wat sy uitgangspunt in die gelykheidsdogma van die humanisme neem, sal dit gunstig as 'n afdoende en verdoemende antwoord aan die apartheidsvoorstanders beoordeel. Dit is omvangryk en die dokumentêre bewyse is sterk sprekend in die guns van die gelykheidsdogma wat apartheid graag as strydig met die fundamentele menslike regte en voorregte wil verdoem. Hierteenoor sal die Christelike navorser, wat sy uitgangspunt in die waarheid van die religieuse grondmotief van die Christelike wysbegeerte neem, en daarom Roskam uit die hoek van die Christelike beskawingsleer beoordeel, die bevinding as ongegrond, volgens die onbewese voorveronderstellinge van die humanisme van die hand wys. Die aard van die kritiek sal dus deur die uitgangspunt van die kritikus bepaal word.

(a) *Historiese oorsig.*

Die historiese oorsig van die ontwikkeling van die segregasie of apartheidsgedagte is seker suiwer volgens die ware verloop. Dit bewys egter geen gemene spel met die nie-blanke nie, maar dit openbaar 'n dinamiese soepelheid in die beleid wat in verantwoordelikheid by die ware behoeftes van die nie-blanke wil en kan aanpas. Die gelykheidsdogma van die humanisme is nie in staat om die ongelykheid, kragtens die sondeval en die heerlike ampsherstel in Jesus Christus, die herskepping, te begryp nie. Die sondaarmens, die vervalle heiden, is ongelyk met die herskape Christen en daarom kan blank en nie-blank nie gelyk behandel word nie. Die heidense onontslote kultuur kan tog nie met 'n pennestreep met die Christelike kultuur gelykgeskakel word nie. Die gelykheidsdogma is 'n humanistiese droombeeld wat nie bestaan nie.

Die historiese ontwikkeling en toepassing van die segregasiegedagte is nie 'n stuk bedrog soos Roskam dit wederregtelik bestempel nie, maar dit is 'n Christelike verantwoordelikheid wat voorregte aan die heiden, wat toevallig in kleur verskil, wil gee. Hy wat die historiese gang van die apartheidsgedagte onbevange, los van die humanistiese gelykheidsdogma, studeer en navors, sal die positiewe grondslag van die segregasie, die gedagte van skeiding tussen blank en nie-blank, spoedig ontdek. Segregasie is 'n beleid wat die onbetwiste ongelyke kultuur, stand en status van blank en nie-blank positief wil benader.

(b) *Aaprtheid omskrywe.*

Die opset van Roskam se studie was daarop bereken om apartheid as diskriminasie te bewys. Daarom het hy hom slegs by uitsprake en omskrywinge wat die ongelykheidsbehandelinge benadruk, bepaal en die positiewe grondslag van apartheid misgekyk. Voordat Roskam diskriminasie kan bewys, moet hy eers die gelykheid as onbetwis bewys. Diskriminasie kan slegs bewys word mits daar regte en voorregte op ongelyke basis aan gelykes uitgedeel word. Roskam kan daarom eers diskriminasie bewys wanneer hy beskawingsgelykheid, d.w.s. kulturele en verantwoordelikheidsgelykheid bewys het. Die bevoegdheid om gelyk te wees moet eers by die Bantoe bewys word. Die diskriminasie of ongelykheidsbehandeling wat Roskam deur uitsprake wat die woord omskrywe wou bewys, het dus jammerlik gevaal.

Die onwetenskaplike uitgangspunt of voorveronderstelling van Roskam het geen diskriminasie bewys nie, maar het andermaal die valsheidsgrondslag van die humanistiese wetenskap bewys. Die wetenskap wat nie van alle waarheidsgronde wil kennis neem nie, moet noodwendig dwaal. Roskam het gedwaal omdat hy in sy humanistiese vooroordele nie van die ongelykheid in stand en status van blank en nie-blank wou kennis neem nie. Diskriminasie is nie bewys nie. Die ongelykheidsbehandelinge rus op die geregverdigde maatstaf van 'n onbetwiste ongelykheid in beskawingsverantwoordelikheid en bevoegdheid tussen blank en nie-blank.

(c) *Apartheid as beleid van die N.P.*

Wanneer dit tot die ware wese van die saak kom, die ontleding van die apartheidsbeleid, dan tree die humanistiese onbeholpenheid van Roskam om tot die waarheidsgrond deur te dring, baie sterk op die voorgrond en die navorser begaan twee fundamentele foute: (a) Die beskawingsagterstand van die nie-blanke wat 'n onbevoegdheid en onbetwisbare onverantwoordelikheid in die praktyk gee, word gerieflikheidshalwe links gelaat en (b) die positiewe grondslag van die apartheidsbeleid wat hierdie toestand die hoof wil bied, word deur sy sprekende vooroordeel doodgeskrywe. Roskam het nie getrag om die apartheidsbeleid tot sy wortel te ondersoek nie, maar het gekom om sy humanistiese voorveronderstellinge kragtens sy gelykheidsdogma te bewys. Roskam het die eerste beginsel van die wetenskap, die soek na waarheid en die opheldering van die waarheid, verkrag.

Apartheid is 'n positiewe beleid wat daarop bereken is om die beskaafde Bantoe tot 'n besliste beskawingsverantwoordelikheid te lei. In sy huidige staat is die Bantoe onbevoeg om 'n staatsverantwoordelikheid

te neem, daarom is die beleid van territoriale skeiding 'n ware Christelike verantwoordelikheid wat die ongelykheidsposisie van die Bantoe besef, en daarom trag om die nie-blanke stelselmatig op te voed en tot verantwoordelikheid in sy eie gebied te lei. Dit is 'n Christelike verantwoordelikheid wat die chaos en diktatuurdwinggelandy van die Midde-Afrikaanse Bantoestate wil onderskep. Dit is 'n Christelike beleid wat die Bantoe stap vir stap tot selfstandigheid wil lei.

i. *Territoriale skeiding.*

Omdat Roskam nie die ware positiewe grondslag van die apartheidsbeleid vanweë sy gelykheidsdogma kon opmerk nie, daarom sien hy in die beleid van gebiedskeiding 'n onderdrukking of diskriminasie wat dan met die fundamentele regte en vryhede van die mens strydig is. Hy is nie in staat om die ware ongelykheid, kragtens die dominering van die sondeval in die heidenhart en -kultuur teenoor die ampsherstel in Christus, in die blank-nie-blank verhouding grondig op te merk nie. Daarom is hy nie in staat om die boedelverdeling in die apartheidsbeleid na waarheid te begryp nie. Apartheid wil die kulturele, sosiale en politieke ongelykheid langs die weg van opvoeding en die stelselmatige oordra van verantwoordelikheid in 'n uiteindelike gelykheid in die beleid van territoriale skeiding waarborg. Dit is vir Roskam kragtens sy onwetenskaplike gelykheidsdogma nie aanneemlik nie.

ii. *Blanke heerskappy.*

Roskam is ook nie in staat om die beleid van voogdyskap te begryp nie. Kragtens die voorveronderstelling van gelykheid, gelyke boedelverdeling in die huidige sosio-ekonomiese geïntegreerde situasie, skakel Roskam die noodsaaklikheid van 'n blanke, en in die ware sin van die woord 'n beskawingsheerskappy, totaal uit. Vir hom is blank en nie-blanke kultureel, sosiaal en polities gelyk en moet die nie-blanke binne 'n politieke staatkundige eenheid aanvaar word om politieke verantwoordelikheid saam met die blanke gelykop te deel. Hierdie siening is van alle waarheidsgronde ontbloot, want die toestand van 'n kulturele, sosiale en politieke ongelykheid staar hom in die werklike situasie in die oë. Ongelykheid in beskawing en daarom in verantwoordelikheid kan en sal slegs deur 'n onwetenskaplike, verdwaasde mens ontken word.

Die Christelike verhouding van voogdyskap, die verhouding van vader tot kind, beskawing tot primitiwiteit, beskaafde tot onbeskaafde, blanke tot nie-blanke, word deur Roskam nie ingesien nie, en hy verkies om kragtens die gelykheidsdogma van die humanisme, nie daarvan kennis te neem nie. Dit het nie gegaan om 'n wetenskaplike ondersoek wat die

waarheid in die nagevorste waarhede wou ophelder nie, maar dit het vir Roskam gegaan om die verdoeming van die staatsbeleid wat hy as diskriminasie wou verwerp. Die onbetwiste ongelykheidsbehandelinge van blank en nie-blankes is gebaseer op die onbetwiste beskawingsverskille of -agterstand wat nie kan gelykop weeg nie. Dit is 'n beskawingsheerskappy wat in die verhouding van 'n Christelike voogdyskap, die nie-blanke tot beskawing en beskawingsverantwoordelikheid wil lei.

iii. *Veelheid van state.*

Roskam kan hom met 'n veelheid van state, Bantoetuislande nie versoen nie. Die lang pad van beskawingsontwikkeling, nie evolusionisties gesien nie, maar normatiewe ontwikkeling, val nie binne die wetenskaplike gesigsveld van die skrywer nie. Die oordrag van politieke en staatkundige verantwoordelikheid van die blanke aan die nie-blanke in sy eie gebied, word met allerlei onbewese vooroordele soos 'n klug, bedrog, swindelary, onsin, fantasie en 'n lugspieëling, doodgeskrywe.

Roskam wou diskriminasie bewys, daarom het hy die verhouding van 'n beskawingsongelykheid geïgnoreer, en die hele geïntegreerde situasie deur 'n gelykheidsbril betrag. Die verhouding van Christelike voogdyskap is vir hom onderdrukking, daarom het hy in sy wetenskaplike ondersoek nie tot die waarheidsgrond, die positiewe grondslag van apartheid deurgedring nie. Die opvoedkundige aspek van apartheid, die daadwerklike grondslag om die onbeskaafde Bantoe tot 'n selfstandige beskawing te lei, is wetenskaplik links gelaat. Die agterdog en vooroordele kan gemaklik tot sy voorveronderstelling van gelykheid herlei word. Die blanke heerskappy is vir Roskam afstootlik, diskriminasie, omdat hy nie aan 'n beskawingsheerskappy in die huidige onmondige situasie van die Bantoe kan glo nie. Gebiedskeiding met 'n veelheid van state is 'n positiewe beleid wat die nie-blanke geleidelik tot beskawingsmondigheid wil lei. Hiervan verstaan Roskam niks.

iv. *Bantoetuislande.*

Die oordrag van politieke regte na die Bantoetuislande is vir Roskam 'n ewe groot onaanneemlikheid, omdat die humanistiese wetenskap sy waarheidswortel mis. Die onbewese gelykheidseis bly altyd dominerend, en die nasionale ontwikkeling van die etniese groepe volgens eie aard, geregverdige verskille word deur die humanisme verwerp, omdat hulle die ryke verskeidenheid in die skepping aan 'n valse eenheid en gelykheid wil opoffer. Die gedagte om die Bantoe in sy eie gebied op te voed, tot 'n ware nasionale, ontplooide, beskaafde Bantoe te lei, wat verantwoordelik-

heid kan neem, is vir Roskam verfoeilik, omdat hy die *gelykheid* van state nie kan of wil begryp nie.

Die oordrag van politieke regte na die Bantoetuislande is vernederend, omdat hy die ongelyke verhouding in die huidige situasie gelyk wil verklaar. Die nasionale ontsluiting van die etniese groepe word as vernederend gesien.

v. *Die ontwikkeling van Bantoetuislande.*

Die verantwoordelikheidsin van die Nasionale Regering om die Bantoetuislande te ontwikkel, en die oprigting van grensnywerhede, word met net soveel vooroordeel verwerp. Wanneer 'n wetenskaplike navorser die positiewe benadering van die geregverdigde ongelykheidsbehandeling met so 'n oppervlakkige ondersoek soos die van Roskam verwerp, dan word die beoefening van die wetenskap bedenklik. Apartheid is 'n realistiese beleid van rasseskeiding wat die Bantoetuislande wil ontwikkel, en nog voordat daar 'n begin gemaak is, is dit al verwerp.

Die grensnywerhede wat moet dien as werkverskaffing aan die Bantoe word gesien as 'n daadwerklike poging om blanke heerskappy selfs in Bantoegebiede te handhaaf. Dit word vertolk as 'n loutere onwilligheid om die Bantoetuiste te ontwikkel, en die verklaring van dr. Verwoerd dat daar in die jaar 2000 nog meer as sesmiljoen Bantoes in blankegebiede sal wees, word gesien as 'n beplanning om die kwaadaardige blanke heerskappy te kontinueer. Blanke verantwoordelikheid wat die onbeskaafde Bantoe wil versorg en tot beskawingsmondigheid wil lei, word as diskriminasie verwerp. Die wetenskapsbeoefening van Roskam laat veel te wense oor en moet as diskriminasie teen die blanke en die Christelike beskawing verwerp word.

*Samevattende kritiek.*

Roskam het hom in sy ondersoek by uitsprake en beleidsverklaring wat beslis op ongelykheid dui bepaal, en daarmee volgens die gelykheidsdogma 'n sterk saak teen apartheid probeer uitmaak. Volgens sy voorveronderstellinge van 'n ongelyke behandeling van gelykes het hy sekerlik daarin geslaag om sy saak te bewys. Die ongelyke behandeling wat deur niemand ooit betwis is nie, is bewys, maar diskriminasie is nie bewys nie.

Sy humanistiese gelykheidsdogma het dit vir hom onmoontlik gemaak om die beskawingsongelykheid na waarheid en waarde te kwalifiseer, en daarom is die positiewe beleid van apartheid op 'n onwetenskaplike wyse veroordeel, want daar is nie van alle waarheidsaspekte kennis geneem nie. Die wesenlike behoefte, die onbeskaafdheid en daarmee same-

hangende die onontslote beskawingsverantwoordelikheid van die Bantoe, wat die positiewe beleid van apartheid wil aandurf, is opsetlik buite die gesigsveld van Roskam se wetenskapsbeoefening gelaat. Hy het hom op voorveronderstellings verlaat en die spoor van die wetenskap, die opspoor en opheldering van die waarheid, byster geraak.

Roskam het apartheid as 'n beleid van Christelike voogdyskap verwerp, omdat hy kragtens sy humanistiese uitgangspunt nie in staat is om die Christelike verhouding van vader tot kind, voog tot onbeskaafde, blank tot nie-blank kan begryp nie. Hierdie wetenskaplike onmag lê ook aan die wortel van die dwaling dat hy die positiewe grondslag van apartheid nie kon begryp nie. Apartheid beteken die oordrag van regte en voorregte aan 'n nasionale ontslote eenheid van die totale bevolking nadat daar 'n beskawingsmondigheid sigbaar is. Die oordrag van regte en voorregte kan slegs stelselmatig geskied, namate die verantwoordelikheidsin van die Bantoe onder invloed van die Christelike beskawing ontsluit het. 'n Bantoe Christelike beskawing is vir die humanisme onaanvaarbaar omdat hulle 'n beskawingsgelykheid veronderstel.

Apartheid as beleid van rasseskeiding is deur Roskam grondig bewys, maar apartheid as beleid van diskriminasie, ongelyke behandeling van gelykes, is beslis nie bewys nie, daarom is die diskriminasie-grondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing nie bewys nie. Die onbewese gelykheidsdogma het die beskawingsongelykheid kragtens die deurwerking van die sondeval, buite die gesigsveld van sy ondersoek gelaat, en die positiewe grondslag van apartheid verloën, daarom rus sy studievrug op 'n wetenskaplike dwaling. Apartheid is nie 'n beleid van diskriminasie nie, maar 'n beleid van Christelike voogdyskap, 'n beleid of Christelike verantwoordelikheid om die onbeskaafde Bantoe tot 'n beskawingselfstandigheid te lei.

N. van Loggerenberg.

Benoni.